

# Die Vierde Man in die Vuur

*While all men seek after happiness, scarcely one in a hundred looks for it from God. –John Calvin*

## **Die vierde man in die vuur**

*Toe het koning Nebukadnesar verskrik opgespring en vir sy raadgewers gevra: “Het ons dan nie drie manne vasgebind en in die oond gegooi nie?”*

*En hulle sê vir hom: “Dit is so, U Majesteit!”*

*Hy sê toe: “Maar ek sien dan vier manne wat vry en ongedeerd rondbeweeg in die vuur, die vierde lyk soos ‘n hemelwese!” (Daniël 3:25 – 26).*

Baie min, indien enige van ons, sal voor so ‘n groot toets soos Sadrag, Mesag en Abednego te staan kom. Die koning het hulle in ‘n brandende oond gegooi. Maar ons sal geroets word; versoekings sal kom. Hierdie toetse en versoekings kom dikwels as ons alleen is – as niemand kyk nie.

Ons is dwaas as ons dink ons kan teen versoeking staan in ons eie sterkte en wysheid. Ons het hulp nodig. Die sleutel tot die moed en kalmte van hierdie drie vriende van Daniël in die oond wat die vierde Persoon: *die vierde lyk soos ‘n hemelwese.*

Ons weet nie wat Nebukadneser gedink het toe hy dit gesê het nie – hy het waarskynlik nie werklik besef wie hierdie vierde Persoon was nie. Al wat hy geweet het, is dat hy drie mense ingegooi het en dat daar nou vier was wat ongedeerd rondgeloop

het.

Nebukadnesar besef hy kan nie meer met hierdie drie manne mors nie. Hy het groot respek vir die God wat hulle verteenwoordig het – respek nie noodwendig geloof nie.

Gaan jy tans deur 'n moeilike toets? Is jy in die warm water van versoeking? Weet dan: Jy is nie alleen in hierdie lewe nie. Jesus is saam met jou elke tree wat jy gee. *God self het gesê: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie."* (Hebreërs 13:5). Staan vas. Al sal jy die hitte voel, sal God nooit jou sy verlaat nie.